No 9 - 2025] SECOND SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 22 MAY 2025

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. The Deputy Speaker welcomed all the guests in the gallery from RLabs Cape Town and the learners from the Crestway High School who were attending the sitting today.

5. [14:16] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

6. [14:17] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, owing to the introduction of the Appropriation Bill by the national Minister of Finance on 21 May 2025, the decisions on the principle (3 April 2025) and the finalisation (7 April 2025) of the Western Cape Appropriation Bill, referred back to the House by the Premier for reconsideration in accordance with Rule 168 of the Standing Rules, be rescinded.

   Agreed to.

7. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding Rule 163, the House considers the principle and finalisation of the Western Cape Public Library Services Bill [B 1–2025] on Thursday 22 May 2025.

   Agreed to.

8. [14:19] The House discussed the following subject in the name of Hon F Kamfer:

   Addressing the systemic neglect and abuse in elderly care facilities: A call for urgent reforms to protect vulnerable seniors in the Western Cape.

   Debate concluded.

9. [15:31] Interpellations.

10. [16:20] Questions.

11. [17:23] Statements by Members.

12. [17:52] Response to statements by Members by Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure.

13. [17:56] The Minister of Infrastructure, Mr T A Simmers, made an executive statement.

14. [18:03] Motions with notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all notices of motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

15. [18:04] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

16. Mr G Brinkhuis moved without notice: That the House recognises the great achievements of Ms Gaireyah Fredericks, a local writer from Paarl in the Drakenstein Municipality; further recognises that she is a single mother of four sons who, despite her economic challenges, has struggled to complete her tertiary education and has completed an honours degree in Afrikaans at the University of the Western Cape and a master's in Art and Creative Writing at Rhodes University; notes she has experienced many challenges to complete and to have her book *Een Voet Innie Kabr* (One foot in the grave) published; further notes that, in commemoration of Women's Day in 2024, Al Jama-ah Western Cape hosted the launch of the book *Een Voet Innie Kabr* at the Paarl Museum in Paarl; acknowledges that she has recently received an award from the Eugène Marais Literary Prize for prose for her debut work *Een Voet Innie Kabr*; acknowledges that she was awarded first prize by the Diana Ferrus Literacy Prize for Poems for her poem, "Swaa dra"; notes that she has been nominated for the University of Johannesburg literary prize for *Een Voet Innie Kabr*; and congratulates her on her achievements.

    Agreed to

17. Mr T R C Walters moved without notice: That the House notes with profound sorrow the passing away of Naaim Davids; notes that his remarkable contributions to the rugby community in both the Boland and the Western Cape have had a significant and lasting impact that will not be forgotten; notes that Naaim was much more than just a player – he was a true legend in the realm of rugby and a beacon of leadership who inspired countless individuals, both on and off the field; notes his dedicated passion for the sport and his commitment to nurturing talent that made him an invaluable asset to the rugby fraternity; extends our heartfelt condolences to his family during this incredibly challenging time; may his soul rest in peace; and may his loved ones find comfort in the cherished memories they hold dear.

    Agreed to.

18. Mr T R C Walters moved without notice: That the House notes with deep sadness the untimely passing away of Cornal Hendricks, former Springbok rugby player and community hero; acknowledges that he was more than just an outstanding athlete; notes that he was a symbol of courage, faith and resilience whose journey inspired many beyond the rugby field; further recognises that his life story stands as a testament to perseverance in the face of adversity, and that his contributions extend beyond sport, touching the lives of countless South Africans; remembers him not only as a remarkable player, but also as a leader and

proud son of the South African soil who brought pride to his people through his dedication and spirit; extends our heartfelt condolences to his mother Rachel, his family and friends, his teammates and the entire rugby fraternity during this time of immense loss; and celebrates the legacy of Cornal Hendricks and honours his memory by continuing to support and uplift the values he embodied: resilience, hope and unity.

Agreed to.

19. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House thanks the Western Cape Department of Cultural Affairs and Sport, in partnership with the Witzenberg Municipality and the Hamlet Sport Forum, for the official opening of a new multi-use sports facility in Prince Alfred Hamlet; acknowledges the importance of this investment in sports infrastructure for smaller towns, where access to quality recreational spaces remains limited; recognises that the facility will create new opportunities for young boys and girls in the community to participate in sport, to develop their talents and to benefit from the social and health advantages associated with structured physical activity; and further thanks all stakeholders involved for their commitment to youth development, community upliftment and equitable access to sports across the Western Cape.

Agreed to.

20. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House thanks the Western Cape Department of Cultural Affairs and Sport (DCAS) for its investment in the upgrading of the Witzenville sports field in Tulbagh (Witzenberg Municipality); acknowledges the installation of new floodlights at the facility, which now allow local sports clubs, the youth and community organisations to utilise the field safely during evening hours; expresses appreciation for the continued commitment of the Western Cape Government to expanding access to quality sports infrastructure, particularly in rural areas where such facilities play a vital role in youth development, community upliftment and social cohesion; and further thanks the Witzenberg Municipality for its role in facilitating the project and in ensuring local residents benefit from well-maintained and accessible recreational spaces.

Agreed to.

21. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates the church choir of the URC Macassar on the gold medal that they won at the 2025 ATKV Suidoosterfees church choir competition; praises their conductor, Roger Rooi-Horne, for his outstanding leadership; acknowledges the choir’s meaningful cultural contribution over the past 43 years; wishes them all the best as they prepare to hopefully participate in the 2026 World Choir Games; and calls on the community to support the choir to help to ensure their continued success.

Agreed to.

22. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House notes the recognition of outstanding healthcare providers at the Vergelegen Mediclinic for receiving the prestigious DAISY awards on International Nurses Day; notes their vital role in patient care and community support; and congratulates this healthcare institution for their excellent service.

Agreed to.

23. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Philip Fourie and his dog Duke after being selected to represent South Africa at the 2025 World Agility Championships in Switzerland; notes that, since 2019, the duo has earned 21 trophies and consistently qualified for the world championships; notes that their selection for the 2025 competition highlights their continued excellence; and commends Philip and Duke for their outstanding achievements.

Agreed to.

24. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House recognises the Victoria Park Neighbourhood Watch for its commitment to improving community safety, as showcased at the recent awards evening; commends their members' dedication and encourages continued support and partnership to enhance local safety; and continually supports these efforts in the respective communities and constituencies for the invaluable role these members play where they serve, especially in areas where crime remains on the rise.

Agreed to.

25. Mr D W Bryant moved without notice: That the House congratulates CapeNature, the Endangered Wildlife Trust and their partners on the remarkable rediscovery of the Blyde River flat gecko (Afroedura rondavelica), unseen for over 30 years and found during a challenging helicopter-assisted expedition in the Blyde River canyon; applauds this achievement as a triumph for conservation science, reaffirming the gecko's survival and confirming its distinct features for the re-evaluation of its conservation status; commends all involved for their dedication to protecting South Africa's unique and threatened species; and reaffirms South Africa's responsibility, as a biodiversity hotspot, to safeguard its natural heritage for future generations.

Agreed to.

26. Mr D W Bryant moved without notice: That the House congratulates CapeNature, the Grootvadersbosch Conservancy, Helihack and all volunteer biologists on the extraordinary rediscovery of the Boosmansbos long-tailed forest shrew, last seen 46 years ago; applauds the dedicated efforts of this passionate team whose innovative use of pitfall traps and logistical coordination in a remote wilderness area led to the successful sighting of this critically endangered subspecies; recognises the vital role of collaborative biodiversity conservation and the protection of the Boosmansbos wilderness area as a world heritage site; commends Dr Marienne de Villiers and her team for their persistence in uncovering one of the Western Cape's most elusive mammals and contributing valuable data to conservation science; and celebrates this remarkable find as a symbol of hope for ongoing ecological research and the protection of South Africa's natural heritage.

Agreed to.

27. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates the Zion Christian Church (ZCC) on the successful hosting of its 2025 Easter pilgrimage in Moria; notes that, founded in 1910, the ZCC has grown to become the largest church in Southern Africa, grounded in the values of peace, healing and unity; notes that the church has long been a pillar of social cohesion, by upholding the rule of law and promoting justice, even during the apartheid era; notes that its annual Easter pilgrimage draws millions of congregants from across Southern Africa and the United Kingdom, reconnecting families and strengthening community bonds; notes that the impact of the church is especially evident in rural and township areas, workplaces, government institutions, businesses and through the provision

of bursaries that uplift communities; and commends Bishop Dr Barnabas Lekganyane and the ZCC leadership for their unwavering commitment to faith, unity and the upliftment of society.

Agreed to.

28. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Kaizer Chiefs on their historic 2–1 triumph over Orlando Pirates in the 2025 Nedbank Cup final, held at the Moses Mabhida Stadium in Durban on the weekend of 10 May; notes that this victory marks the club's 14th Nedbank Cup title, making Kaizer Chiefs the most successful team in the competition's history; further acknowledges the visionary leadership of Kaizer Motaung who founded the club on 7 January 1970 after playing for Orlando Pirates, and whose foresight transformed the team into a dominant force in African football; recognises the significant economic impact of this high-profile fixture, with the eThekwini Municipality establishing additional fan zones to accommodate overflow crowds; notes that similar opportunities exist for cities such as Cape Town to benefit from the tourism and business stimulation that derbies provide; commends Kaizer Chiefs for maintaining one of the largest and most loyal fan bases on the continent, consistently drawing strong attendance in the premier soccer league –even during seasons without major trophies; and congratulates Kaizer Motaung, the players, the management and the supporters of Kaizer Chiefs with their 2025 Nedbank Cup victory and their enduring contribution to the growth and success of South African football.

Agreed to.

29. Mr P Johnson moved without notice: That the House congratulates the Prince Albert Municipality and a generous private sponsor on the successful completion of the newly paved entrance at the local traffic department; commends this outstanding example of public–private collaboration, which has enhanced both the functionality and appearance of the facility; notes that the construction was carried out by a contractor appointed by the sponsor, with the municipality ensuring quality control and strict adherence to occupational health and safety standards; and applauds all involved for their commitment to service delivery and community upliftment.

Agreed to.

30. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates the Paarl Boys' High School on their historic 25–10 victory over Grey College, marking only their 10th win and contributing to an unprecedented back-to-back defeat for the Bloemfontein rugby powerhouse; notes that this milestone reflects the strength of the Paarl Boys' High School's rugby programme and adds a new chapter to one of South Africa's most iconic school sports rivalries; notes that the Paarl Boys' High School (Boishaai) is known for its strong traditions rooted in good conduct, scholarship and sportsmanship; notes that these values are deeply ingrained in the school's culture, shaping its environment and the development of its learners; acknowledges the role of these prestigious schools in producing future Springboks and fostering national rugby excellence; recognises the significant economic and cultural boost such interschool derbies bring to the town of Paarl; and commends the Paarl Boys' High School for using sport and education to shape young South Africans into responsible and capable citizens.

Agreed to.

31. Ms D R Stephens moved without notice: That the House notes with great sadness the multiple tragic motor vehicle crashes that have occurred in Cape Town and on the West Coast over the past few days; notes that, among these incidents was a particularly devastating crash in which a Golden Arrow bus driver tragically lost his life while in service to the public; extends our deepest and heartfelt condolences to the families, friends and colleagues of all those who have lost loved ones in these tragic events; notes that our thoughts and prayers are with them during this time of mourning and loss; may the souls of the departed rest in peace; and may their families find strength and comfort in the days ahead.

Agreed to.

32. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House congratulates the Kaizer Chiefs Football Club on their victory over Orlando Pirates FC in the Nedbank Cup final; notes that Kaizer Chiefs is one of the biggest football clubs in the continent that has seen a 10-year trophy drought; and hopes that this great victory marks a significant return to winning big silverware.

Agreed to.

33. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House congratulates the South African Police Service (SAPS) and the Provincial Operational Command Centre on uncovering South African and foreign currency to the value of R1 million, along with bank cards and cellphones; and commends the work done by our service men.

Agreed to.

34. Mr F Kamfer moved without notice: That the House sends condolences after the death of Cornal Hendricks; notes that the 37-year-old Hendricks passed away due to heart attack on Wednesday evening; and notes that, apart from playing in 12 tests for the Springboks in 2014 and 2015, he also represented the Blitzboks between 2011 and 2014, with whom he won a Commonwealth Games gold medal in Glasgow in 2014.

Agreed to.

35. Ms R Windvogel moved without notice: That the House congratulates the national relay team with their showing in the World Relays Championships in China where they won gold and bronze; and expresses pride in our athletes who have raised our national flag with pride.

Agreed to.

36. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with pride and warmly congratulates the South African under 20 men’s national team, Amajita, on their historic qualification for the 2025 U20 Africa Cup of Nations (AFCON) final; notes that their hard-fought 1–0 victory over Nigeria, secured by a brilliant goal from Tylon Smith and an assist from Neo Rapoo, showcased the team’s determination, discipline and growing maturity throughout the tournament; notes that special recognition is given to standout players, such as Siviwe Nkwali from Khayelitsha in the Western Cape, whose exceptional performances – including multiple Man of the Match awards – have been instrumental to the team’s success; commends coach Raymond Mdaka and his technical team for their leadership in guiding Amajita to their first final in 28 years, a remarkable achievement that has reignited pride in South African football; notes the team’s resilience, after an early setback against Egypt, demonstrates their character and unity; acknowledges the South African Football Association (SAFA) and its president, Dr Danny Jordaan, for their commitment to

developing young talent; and, as the nation rallies behind Amajita, wishes them strength and victory in the final in the confidence that they will continue to make South Africa proud.

Agreed to.

37. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with pride and heartly congratulates Mr Thela, the talented Cape Town-based DJ and artist, with his remarkable achievement in winning the Best Gqom-Kwaito Award at the 2025 Metro FM Music Awards for his hit song "Ekhaya"; notes that this prestigious accolade, presented on 3 May 2025 at the Mbombela Stadium, is a testament to his exceptional skill, dedication and contribution to the Gqom–Kwaito genre; notes that Mr Thela's victory not only celebrates his individual artistry but also elevates the genre, reinforcing its cultural impact and growing influence in South Africa's music scene; commends the Metro FM Music Awards for recognising and honouring outstanding local talent; applauds Mr Thela's well-deserved triumph as his success serves as an inspiration to aspiring musicians and is a reminder of the vibrant creativity in our nation; and wishes him continued growth, innovation and many more milestones in his flourishing career.

Agreed to.

38. Ms N D Nkondlo moved without notice: This House notes with deep sadness the brutal and untimely passing away of Mr Lucas "Rasta" Mbele, a visionary entrepreneur, dedicated philanthropist and beloved community leader whose life was tragically cut short by senseless violence; notes that Rasta was an astute businessman whose sharp acumen and unwavering determination not only built successful enterprises but also uplifted countless lives in Khayelitsha and beyond, leaving an indelible mark through his generosity and commitment to empowerment; notes that, while the circumstances of his murder remain under investigation, welcomes the swift arrest of suspects – trigger-happy criminals who plague our society with their reign of terror; calls for justice to be served without compromise; extends heartfelt condolences to his grieving family, friends and community; honours his legacy of resilience, compassion and transformative leadership; further condemns the scourge of extortion and violent crime that continues to threaten our entrepreneurs; calls for strengthened efforts to protect those who drive our economy and uplift our people; and may his soul rest in eternal peace.

Agreed to.

39. [18:18] FIRST ORDER

Consideration and finalisation of the Western Cape Public Library Services Bill [B 1–2025] (Minister of Cultural Affairs and Sport).

Debate concluded.

The Presiding Officer announced that there were currently 34 Hon Members present who were entitled to vote and the House was therefore quorate.

Question put: That the consideration and finalisation of the Western Cape Public Library Services Bill [B 1–2025] be approved.

Question agreed to.

The consideration and finalisation of the Bill accordingly approved.

40. The House adjourned at 18:35.

Lubabalo Stemele

Digitally signed by Lubabalo Stemele
Date: 2025.05.28 10:22:22 +02'00'

Mr Lubabalo Stemele
Acting Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 22 MEI 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkpeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Adjunkspeaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. Die Adjunkspeaker het al die gaste in die galery van RLabs Kaapstad en die leerders van die Hoërskool Crestway wat vandag die sitting bywoon, verwelkom.

5. [14:16] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

6. [14:17] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat, as gevolg van die indiening van die Begrotingswetsontwerp deur die nasionale Minister van Finansies op 21 Mei 2025, die besluite oor die beginsel (3 April 2025) en die finalisering (7 April 2025) van die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp, wat deur die Premier terugverwys is na die Huis vir heroorweging ingevolge Reël 168 van die Staande Reëls, herroep word.

   Goedgekeur.

7. [14:18] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 161, die Huis die beginsel en finalisering van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] op Donderdag, 22 Mei 2025, oorweeg.

   Goedgekeur.

8. [14:19] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb F Kamfer:

   Die skenk van aandag aan die sistemiese verwaarlosing en mishandeling by versorgingsfasiliteite vir bejaardes: ’n Beroep om dringende hervormings om weerlose senior burgers in die Wes-Kaap te beskerm.

   Debat afgesluit.

9. [15:31] Interpellasies.

10. [16:20] Vrae.

11. [17:23] Verklarings deur Lede.

12. [17:52] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur.

13. [17:56] Die Minister van Infrastruktuur, mnr T A Simmers, maak ŉ uitvoerende verklaring.

14. [18:03] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

15. [18:04] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

16. Mnr G Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die merkwaardige prestasies van me Gaireyah Fredericks, ’n plaaslike skrywer van Paarl in die Drakenstein-munisipaliteit; verder kennis neem dat sy ’n enkelma van vier seuns is wat ten spyte van haar ekonomiese uitdagings gesukkel het om haar tersiêre opleiding te voltooi en ’n honneursgraad in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en ’n meesters-graad in Kuns en Kreatiewe Skryfwerk aan Rhodes-universiteit voltooi het; kennis neem dat sy baie uitdagings gehad het om haar boek *Een Voet Innie Kabr* te voltooi en publiseer; verder kennis neem dat Al Jama-ah Wes-Kaap ter herdenking van Vrouedag in 2024 die bekendstelling van die boek *Een Voet Innie Kabr* by die Paarl-museum in Paarl gehou het; erkenning gee dat sy onlangs ’n toekenning van die Eugène Marais-letterkundeprys vir prosa vir haar debuutboek *Een Voet Innie Kabr* ontvang het; erkenning gee dat sy die eerste prys in die Diana Ferrus-letterkundeprys vir Gedigte vir haar gedig, “Swaa dra”, ontvang het; kennis neem dat sy vir die Universiteit van Johannesburg-letterkundeprys vir *Een Voet Innie Kabr* benoem is; en haar met haar prestasies gelukwens.

    Goedgekeur.

17. Mnr T R C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Naaim Davids; kennis neem dat sy merkwaardige bydraes tot die rugbygemeenskap in beide die Boland en die Wes-Kaap ’n beduidende en blywende impak gehad het wat nooit vergeet sal word nie; kennis neem dat Naaim veel meer as net ’n speler was – hy was ’n ware legende in die rugbywêreld en ’n baken van leierskap wat ontelbare individue, beide op en van die veld af, geïnspireer het; kennis neem van sy toegewyde passie vir die sport en sy verbintenis tot die koestering van talent wat hom ’n waardevolle bate vir die rugbygemeenskap gemaak het; ons innige meegevoel met sy familie in hierdie ongelooflik uitdagende tyd betuig; mag sy siel in vrede rus; en mag sy geliefdes troos vind in die kosbare herinneringe wat hulle saam met hulle dra.

    Goedgekeur.

18. Mnr T R C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die ontydige dood van Cornal Hendricks, voormalige Springbok-rugbyspeler en gemeenskapsheld; erkenning gee dat hy meer as net ’n uitmuntende atleet was; kennis neem dat hy ’n simbool van moed, geloof en veerkragtigheid was wie se reis baie mense verder as die rugbyveld geïnspireer het; verder erkenning gee dat sy lewensverhaal ’n bewys van

volharding in die aangesig van teëspoed is, en dat sy bydraes verder as sport strek en die lewens van ontelbare Suid-Afrikaners raak; hom nie net as ’n merkwaardige speler onthou nie, maar ook as ’n leier en trotse seun van Suid-Afrika wat sy mense trots gemaak het deur sy toewyding en gees; ons innige meegevoel betuig met sy ma Rachel, sy familie en vriende, sy spanmaats en die hele rugbygemeenskap in hierdie tyd van enorme verlies; en Cornal Hendricks se nalatenskap vier en sy nalatenskap vereer deur voort te gaan om die waardes wat hy beliggaam het, te steun en op te hef: veerkragtigheid, hoop en eenheid.

Goedgekeur.

19. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, in samewerking met die Witzenberg-munisipaliteit en die Hamlet-sportforum, bedank vir die amptelike opening van ’n nuwe veelvuldige sportfasiliteit in Prince Alfred Hamlet; erkenning gee aan die belangrikheid van hierdie belegging in sportinfrastruktuur vir kleiner dorpe waar toegang tot ontspanningsruimtes van gehalte steeds beperk is; erkenning gee dat die fasiliteit nuwe geleenthede vir jong seuns en meisies in die gemeenskap sal skep om aan sport deel te neem, om hul talente te ontwikkel en om voordeel te trek uit die maatskaplike en gesondheidsvoordele wat met gestruktureerde fisieke aktiwiteit gepaard gaan; en verder alle betrokke belanghebbendes bedank vir hul toewyding aan jeugontwikkeling, gemeenskapsopheffing en gelyke toegang tot sport in die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

20. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport (DKES) bedank vir sy belegging in die opgradering van die Witzenville-sportveld in Tulbagh (Witzenberg-munisipaliteit); erkenning gee aan die installering van nuwe spreiligte by die fasiliteit wat dit nou vir plaaslike sportklubs, die jeug en gemeenskapsorganisasies moontlik maak om die veld veilig saans te benut; waardering uitspreek vir die voortgesette verbintenis van die Wes-Kaapse Regering om toegang tot sportinfrastruktuur van gehalte uit te brei, veral in plattelandse gebiede waar sulke fasiliteite ’n uiters belangrike rol in jeugontwikkeling, gemeenskapsopheffing en maatskaplike kohesie speel; en verder die Witzenberg-munisipaliteit bedank vir sy rol in die fasilitering van die projek en om te verseker dat plaaslike inwoners voordeel trek uit ontspanningsruimtes wat goed in stand gehou word en toeganklik is.

Goedgekeur.

21. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die kerkkoor van die VGK Macassar gelukwens met die goue medalje wat hulle by die ATKV-Suidoosterfees-koorkompetisie 2025 verower het; hul dirigent, Roger Rooi-Horne, loof vir sy uitstaande leierskap; erkenning gee aan die koor se betekenisvolle kulturele bydrae oor die afgelope 43 jaar; hulle alle voorspoed toewens terwyl hulle voorberei om hopelik aan die 2026-wêreldkoorspele deel te neem; en ’n beroep op die gemeenskap doen om die koor te ondersteun ten einde hul voortgesette sukses te help verseker.

Goedgekeur.

22. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die erkenning van uitsonderlike gesondheidsorgverskaffers by die Vergelegen Mediclinic wat op die Internasionale Dag vir Verpleegkundiges die gesogte DAISY-toekennings ontvang het; kennis neem van hul uiters belangrike rol in pasiëntsorg en gemeenskapsteun; en hierdie gesondheidsorginstelling met sy uitstekende diens gelukwens.

Goedgekeur.

23. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Philip Fourie en sy hond Duke gelukwens nadat hulle gekies is om Suid-Afrika by die Wêreldratsheid-kampioenskappe 2025 in Switserland te verteenwoordig; kennis neem dat die twee sedert 2019 al 21 trofeë gewen het en deurlopend vir die wêreldkampioenskappe gekwalifiseer het; kennis neem dat hul verkiesing vir die 2025-kompetisie hul voortgesette uitmuntendheid beklemtoon; en Philip en Duke vir hul uitsonderlike prestasies aanprys.

Goedgekeur.

24. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die Victoria Park-buurtwag vir sy toewyding aan die verbetering van gemeenskapsveiligheid, soos by die onlangse toekenningsaand ten toon gestel is; die toewyding van hul lede aanprys en voortgesette steun en vennootskap aanmoedig om plaaslike veiligheid te verbeter; en voortdurend hierdie pogings in die onderskeie gemeenskappe en kiesdistrikte steun vir die onskatbare rol wat hierdie lede speel waar hulle dien, veral in gebiede waar misdaad steeds toeneem.

Goedgekeur.

25. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis CapeNature, die Trust vir Bedreigde Natuurlewe en hul vennote gelukwens met die merkwaardige herontdekking van die Blyderivier-platgeitjie (Afroedura rondavelica) wat vir meer as 30 jaar nie waargeneem is nie en tydens ’n uitdagende ekspedisie per helikopter in die Blyderivierkloof gevind is; hierdie prestasie loof as ’n oorwinning vir bewaringwetenskap, wat die geitjie se oorlewing herbevestig en sy kenmerkende eienskappe vir die herevaluering van sy bewaringstatus bevestig; al die betrokkenes aanprys vir hul toewyding om Suid-Afrika se unieke en bedreigde spesies te beskerm; en Suid-Afrika se verantwoordelikheid as ’n biodiversiteitsbrandpunt herbevestig om sy natuurlike erfenis vir toekomstige geslagte te beskerm.

Goedgekeur.

26. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis CapeNature, die Grootvadersbosch-bewarea, Helihack en alle vrywillige bioloë gelukwens met die buitengewone herontdekking van die Boosmansbos-langstertspitsmuis wat laas 46 jaar gelede gesien is; die toegewyde pogings van hierdie passievolle span loof wie se innoverende gebruik van valstrikke en logistieke koördinering in ’n afgeleë wildernisgebied tot die suksesvolle waarneming van hierdie kritiek bedreigde subspesie gelei het; erkenning gee aan die noodsaaklike rol van samewerkende biodiversiteitbewaring en die beskerming van die Boosmansbos-wildernisgebied as ’n wêrelderfenisgebied; dr Marienne de Villiers en haar span aanprys vir hul volharding om een van die Wes-Kaap se mees ontwykende soogdiere te ontdek en waardevolle data tot bewaringswetenskap by te dra; en hierdie merkwaardige ontdekking as ’n simbool van hoop vir voortgesette ekologiese navorsing en die beskerming van Suid-Afrika se natuurlike erfenis vier.

Goedgekeur.

27. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Zion Christian Church (ZCC) gelukwens met die suksesvolle aanbieding van sy Paasfees-pelgrimstog 2025 in Moria; kennis neem dat die ZCC, wat in 1910 gestig is, gegroei het om die grootste kerk in Suider-Afrika te word, gevestig op die waardes van vrede, genesing en eenheid; kennis neem dat die kerk lankal ’n pilaar van maatskaplike samehorigheid is deur wette te handhaaf en geregtigheid te bevorder, selfs tydens die apartheidsjare; kennis neem dat sy jaarlikse

Paasfees-pelgrimstog miljoene gemeentelede van dwarsoor Suider-Afrika en die Verenigde Koninkryk lok en families weer verbind en gemeenskapsbande versterk; kennis neem dat die kerk se impak veral in plattelandse en township-gebiede, werkplekke, staatsinstellings, sakeondernemings en deur die verskaffing van beurse wat gemeenskappe ophef, sigbaar is; en biskop dr Barnabas Lekganyane en die ZCC-leiers aanprys vir hul onwrikbare toewyding aan geloof, eenheid en die opheffing van die samelewing.

Goedgekeur.

28. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kaizer Chiefs gelukwens met hul historiese 2–1-oorwinning oor Orlando Pirates in die eindstryd van die Nedbankbeker 2025 wat op die naweek van 10 Mei by die Moses Mabhida-stadion in Durban gehou is; kennis neem dat hierdie oorwinning die klub se 14de Nedbankbeker-titel is, wat Kaizer Chiefs die mees suksesvolle span in die kompetisie se geskiedenis maak; verder erkenning gee aan die idealistiese leierskap van Kaizer Motaung wat die klub op 7 Januarie 1970 gestig het nadat hy vir Orlando Pirates gespeel het, en wie se versiendheid die span omskep het in ’n sportmag wat Afrika-sokker oorheers; erkenning gee aan die beduidende ekonomiese impak van hierdie hoëprofielwedstryd, met die eThekwini-munisipaliteit wat bykomende aanhangersones geskep het om die bykomende skares te akkommodeer; kennis neem dat soortgelyke geleenthede vir stede soos Kaapstad bestaan om te baat by die toerisme en sakestimulasie wat wedstryde bied; Kaizer Chiefs aanprys vir die handhawing van een van die grootste en mees getroue ondersteuningsgroepe op die vasteland, wat deurlopend uitstekende bywoning in die premier-sokkerliga lok – selfs in seisoene sonder groot trofeë; en Kaizer Motaung, die spelers, die bestuur en die ondersteuners van Kaizer Chiefs gelukwens met hul oorwinning in die Nedbankbeker 2025 en hul volgehoue bydrae tot die groei en sukses van Suid-Afrikaanse sokker.

Goedgekeur.

29. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Prins Albert-munisipaliteit en ’n vrygewige private skenker gelukwens met die suksesvolle voltooiing van die nuut geplaveide ingang by die plaaslike verkeersdepartement; hierdie uitstekende voorbeeld van openbare–private-samewerking, wat beide die funksionaliteit en voorkoms van die fasiliteit verbeter het, aanprys; kennis neem dat die konstruksie uitgevoer is deur ’n kontrakteur wat deur die skenker aangestel is, met die munisipaliteit wat gehaltebeheer en streng nakoming van beroepsgesondheid-en-veiligheidstandaarde verseker het; en almal wat betrokke was, vir hul toewyding aan dienslewering en gemeenskapsopheffing loof.

Goedgekeur.

30. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Hoër Jongenskool Paarl met hul historiese 25–10-oorwinning oor Grey Kollege gelukwens, wat slegs hul 10de oorwinning is en tot ’n ongehoorde agtereenvolgende nederlaag vir die Bloemfonteinse rugbydryfkrag bydra; kennis neem dat hierdie mylpaal die krag van die Hoër Jongenskool Paarl se rugbyprogram weerspieël en ’n nuwe hoofstuk by een van Suid-Afrika se mees ikoniese skolesportmededinging voeg; kennis neem dat die Hoër Jongenskool Paarl (Boishaai) vir sy sterk tradisies bekend is wat in goeie gedrag, opvoeding en sportmanskap gewortel is; kennis neem dat hierdie waardes diep gewortel is in die skool se kultuur, wat sy omgewing en die ontwikkeling van sy leerders vorm; erkenning gee aan die rol van hierdie invloedryke skole om toekomstige Springbokke te lewer en nasionale rugby-uitnemendheid te bevorder; erkenning gee aan die beduidende ekonomiese en kulturele hupstoot wat sulke interskole-wedstryde vir die dorp Paarl gee; en die Hoër Jongenskool Paarl aanprys vir die

gebruik van sport en opvoeding om jong Suid-Afrikaners in verantwoordelike en bevoegde burgers te omskep.

Goedgekeur.

31. Me D R Stephens stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die verskeie tragiese motorvoertuigbotsings wat die afgelope paar dae in Kaapstad en aan die Weskus plaasgevind het; kennis neem dat daar onder hierdie voorvalle ’n besonder noodlottige botsing was waarin ’n Golden Arrow-busbestuurder sy lewe tragies verloor het terwyl hy in diens van die publiek was; innige en opregte meegevoel betuig met die families, vriende en kollegas van almal wat geliefdes in hierdie tragiese voorvalle verloor het; kennis neem dat hulle in ons gedagtes en gebede gedurende hierdie tyd van rou en verlies is; mag die siele van die oorledenes in vrede rus; en mag hul families krag en vertroosting vind in die dae wat voorlê.

Goedgekeur.

32. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kaizer Chiefs-sokkerklub gelukwens met hul oorwinning oor Orlando Pirates FC in die Nedbankbeker-eindstryd; kennis neem dat Kaizer Chiefs een van die grootste sokkerklubs op die vasteland is wat ’n trofeedroogte van 10 jaar ervaar het; en hoop dat hierdie merkwaardige oorwinning ’n beduidende terugkeer aantoon om weer groot trofees van silwer te wen.

Goedgekeur.

33. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Provinsiale Bedryfsbevelsentrum gelukwens met die ontdekking van Suid-Afrikaanse en buitelandse valuta ter waarde van R1 miljoen, saam met bankkaarte en selfone; en die werk aanprys wat deur ons lede in die polisiediens gedoen is.

Goedkeur.

34. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel betuig ná die dood van Cornal Hendricks; kennis neem dat die 37-jarige Hendricks Woensdagaand aan ’n hartaanval oorlede is; en kennis neem dat, behalwe dat hy in 12 toetse vir die Springbokke in 2014 en 2015 gespeel het, hy ook die Blitsbokke tussen 2011 en 2014 verteenwoordig het, saam met wie hy ’n goue medalje by die Statebondspele in Glasgow in 2014 gewen het.

Goedgekeur.

35. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die nasionale aflosspan gelukwens met hul prestasie in die Wêreldafloskampioenskap in China waar hulle ’n goue en brons medalje gewen het; en trots uitspreek oor ons atlete wat ons nasionale vlag met trots omhoog gehou het.

Goedgekeur.

36. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem en die Suid-Afrikaanse nasionale onder 20-mansspan, Amajita, hartlik gelukwens met hul geskiedkundige kwalifisering vir die eindstryd van die Onder 20-Afrikanasiesbeker (AFCON) 2025; kennis neem dat hul moeilike 1–0-oorwinning oor Nigerië, wat deur ’n briljante doel van Tylon Smith en bystand deur Neo Rapoo verseker is, die span se vasberadenheid, dissipline en groeiende volwassenheid deur die toernooi getoon het; kennis neem dat spesiale erkenning gegee word aan uitmuntende spelers, soos Siviwe Nkwali van Khayelitsha in die Wes-Kaap, wie se uitsonderlike optredes – insluitende verskeie Man van

die Wedstryd-toekennings – instrumenteel in die span se sukses was; afrigter Raymond Mdaka en sy tegniese span loof vir hul leierskap om Amajita na hul eerste eindstryd in 28 jaar te lei, ’n merkwaardige prestasie wat die trots in Suid-Afrikaanse sokker weer laat opvlam het; kennis neem dat die span se veerkragtigheid, ná ’n vroeë terugslag teen Egipte, hul karakter en eenheid demonstreer; erkenning gee aan die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SAFA) en sy president, dr Danny Jordaan, vir hul verbintenis tot die ontwikkeling van jong talent; en, terwyl die nasie Amajita steun, hulle sterkte en oorwinning in die eindstryd toewens met die vertroue dat hulle sal voortgaan om Suid-Afrika trots te maak.

Goedgekeur.

37. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem en mnr Thela, die talentvolle platejoggie en kunstenaar van Kaapstad, hartlik gelukwens met sy merkwaardige prestasie om die Beste Gqom-Kwaito-toekenning by die Metro FM-musiektoekennings 2025 vir sy trefferlied “Ekhaya” te wen; kennis neem dat hierdie invloedryke toekenning, wat op 3 Mei 2025 by die Mbombela-stadion oorhandig is, ’n bewys van sy uitmuntende vaardigheid, toewyding en bydrae tot die Gqom-Kwaito-genre is; kennis neem dat mnr Thela se oorwinning nie net sy individuele kuns vier nie, maar ook die genre ophef wat die kulturele impak en groeiende invloed daarvan op Suid-Afrika se musiektoneel versterk; die Metro FM-musiektoekennings aanprys vir die erkenning en verering van uitnemende plaaslike talent; mnr Thela se welverdiende oorwinning loof omdat sy sukses as inspirasie vir aspirantmusikante dien en ’n herinnering aan die lewendige kreatiwiteit in ons nasie is; en hom volgehoue groei, innovering en baie meer mylpale in sy florerende loopbaan toewens.

Goedgekeur.

38. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die wrede en ontydige dood van mnr Lucas “Rasta” Mbele, ’n idealistiese entrepreneur, toegewyde filantroop en geliefde gemeenskapsleier wie se lewe deur sinnelose geweld tragies kortgeknip is; kennis neem dat Rasta ’n slim sakeman was wie se skerp insig en onwrikbare vasberadenheid nie net suksesvolle ondernemings opgebou het nie, maar ook ontelbare lewens in Khayelitsha en daaromheen verbeter het, en ’n onuitwisbare merk deur sy vrygewigheid en verbintenis tot bemagtiging gelaat het; kennis neem dat, terwyl die omstandighede van sy moord steeds ondersoek word, die vinnige inhegtenisneming van verdagtes verwelkom word – skietlustige misdadigers wat ons samelewing met hul skrikbewind teister; ’n beroep doen dat streng geregtigheid geskied; innige meegevoel met sy treurende familie, vriende en gemeenskap betuig; sy nalatenskap van veerkragtigheid, medemenslikheid en veranderende leierskap vereer; verder die vlaag afpersing en geweldsmisdaad veroordeel wat voortgaan om ons entrepreneurs te bedreig; ’n beroep doen vir versterkte pogings om diegene te beskerm wat ons ekonomie dryf en ons mense ophef; en mag sy siel in ewige vrede rus.

Goedgekeur.

39. [18:18] EERSTE ORDER

Oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] (Minister van Kultuursake en Sport).

Debat afgesluit.

Die Voorsittende Beampte kondig aan dat daar tans 34 agbare Lede teenwoordig is wat geregtig is om te stem, en dat daar dus ʼn kworum in die Huis is.

Vraag gestel: Dat die oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbarebiblioteekdienste [W 1–2025] goedgekeur word.

Vraag goedgekeur.

Die oorweging en finalisering van die Wetsontwerp is dus goedgekeur.

40. Die Huis verdaag om 18:35.

Lubabalo Stemele Digitally signed by Lubabalo Stemele
Date: 2025.05.28 10:23:22 +02'00'

Mnr Lubabalo Stemele
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement